

# Kennis is MAG

deur Niel Viljoen




Vir doeltreffende predasiebestuur is die boer se gereedskapskis, met al die metodes van beheer en bestuur 'n goeie vertrekpunt. Daarmee saam is kennis van die lewensiklus en gedrag van predatore net so noodsaaklik. Sekere hulpmiddels in die gereedskapskis werk beter in sekere fases van 'n roofdier se lewensiklus as in ander tye. Die regte bestuursmetode op die regte tyd gee die beste resultate. Net so moet die boer sy vee-, kudde- en veldbestuur by roofdiere se lewensiklus probeer aanpas om die minste moontlike verliese te kry.



## Lewensiklus van die rooijakkals

- **Mei:** Die jakkalspaar baken hul kernarea af, teelgate word skoongemaak en die teelpaar word 'n identifiseerbare eenheid. Die kernarea is die gebied waar die jakkalspaar die minste bedreig voel, byvoorbeeld bedags sal rus en waar die teelgate voorkom.
- **Junie:** Paring vind plaas. Teelpare en hul loopgebiede is vasgestel en afgebaken. Jakkalse is skugter en vermy konfrontasie met ander jakkalse.
- **Julie:** Tewe is dragtig. Die teelgate word besoek om die beste een vir die werpsel te identifiseer.
- **Augustus:** Aankoms van die nuwe werpsel.
- **September:** Reun en teef spandeer baie tyd in die kernarea by werpsel.
- **Oktober:** Die werpsel word gespeen. Helpers oftewel jong jakkalse uit die vorige werpsel begin help om kos aan die werpsel te verskaf.
- **November:** Gespeende jakkalse begin tussen die teelgate en waterpunte rondbeweeg. Die ouers en helpers bly hulle versorg deur kos aan te dra.
- **Desember:** Gespeende jakkalse is aktief in die totale kernarea. Die ouers en helpers bly hulle versorg.
- **Januarie:** Die jong gespeende jakkalse is vrylopend in die totale kernarea.
- **Februarie:** Die jong jakkalse begin wissel.
- **Maart:** Die jong jakkalse is klaar gewissel. Die teef leer hul jag en kos raak 'n al groter prioriteit.
- **April:** Die jong jakkalse begin goed op hul eie funksioneer. Jag en kos is nou die vernaamste aktiwiteit.

---

Die regte bestuursmetode op die regte tyd gee die beste resultate.

---

Om predasieverliese te beperk, is dit belangrik vir veeboere om hierdie lewensiklus te verstaan en met sy vee-, kudde-, veld- en predasiebestuur te integreer. Byvoorbeeld, dit is belangrik vir veeboere om met die keuse van lamtye ook die natuur daar buite in ag te neem en te kyk hoe vergelyk die lamtye met die lewensiklusse van



die jakkalse. Lamtye gedurende Maart en April is byvoorbeeld wanneer die natuur vol is van jong, spelerige en honger jakkalse wat altyd op die jag uit is en op soek is na kos. Hierdie jakkalse is dikwels ook nog nie so ervare nie en van nature ook nog baie skrikkerig. Afweermetodes soos ligte en alarms mag dalk hier tydelike verligting bring. In terme van dodelike metodes, is hierdie 'n goeie tyd vir die roep-en-skiet-metode.

In die wintermaande is daar 'n effense afname in die vangpatrone van jakkalse. Hierdie is dus 'n goeie tyd om die ooie te laat lam, afhangend of die seisoen geskik is vir lam.

Gedurende Augustus en September is die teelgate aktief en die werpsel gebore. Dan is dit belangrik om (1) te besef dat vangste gaan toeneem en (2) om nie in die kernarea te laat lam nie (tensy, natuurlik, die teelgate voor die tyd geïdentifiseer is en die nodige voorsorgmaatreëls getref is). Jakkalse is in hierdie tyd van die jaar taamlik beperk tot hul kernareas waar die teelgate natuurlik voorkom. Afweermetodes soos ligte en klanke is nou nie so doeltreffend nie, omdat die jakkalspaar se instink om by hul werpsel te wees nou so sterk is dat hulle nie maklik afgeskrik word nie.

## Lewensiklus van rooikat

Rooikatte het nie so 'n duidelik afgebakende patroon en lewensiklus soos die rooijakkals nie, maar daar is tog werkbare fases waarby die grondeienaar kan aanpas. Die paartye van katte kan geweldig verskil sonder dat enige definitiewe maande uitgesonder kan word. Die betroubaarste patroon blyk egter dat rooikatte lief is om in die warmer somermaande te paar. In die wintermaande is die nuwe werpsel gewoonlik in dieselfde leerproses as die jong jakkalse en verhoogde vangste vind dan gewoonlik plaas.

In die gereedskapskis het die afskrikmetodes soos ligte, klanke en reuke 'n minimale uitwerking op rooikatte, veral op die jong katte wat baie aktief gedurende die wintermaande jag. Weens hul nuuskierige geaardheid kan flikkerende ligte dalk eerder die rooikat se aandag trek in plaas daarvan om die dier te verwilder. Wintermaande is egter 'n goeie tyd om rooikathokke te gebruik en op strategiese plekke uit te plaas om die jong katte so te probeer beheer.

### Opsomming

Die grondeienaar se algemene kennis van die lewensiklus van die onderskeie roofdiere, gekombineerd met goeie kennis van al die beheermetodes beskikbaar in die gereedskapskis, sy spesifieke plaas se topografiese omstandighede en potensiële teelareas, sal die sukses van sy roofdierbestuursprogram bepaal.

Vir meer inligting skakel Niel Viljoen by 082 381 8227 of per e-pos: nielviljoen@gmail.com. R

